# Visuele geletterdheid

Visuele geletterdheid is die vaardigheid om inligting wat in die vorm van prente, beelde of grafika gegee is, te interpreteer en te herken; om die verband tussen die geskrewe en die visuele teks te sien.

Om visueel na iets te kyk, is om te soek na die kommunikasie binne ’n sekere konteks – om die boodskap te ontsyfer. Dit is belangrik om te onthou dat die leerders se verwysingsraamwerk ’n rol gaan speel – as die teks nie in hulle verwysingsraamwerk is nie, gaan dit die verstaan daarvan bemoeilik.

**Wat moet getoets word?**

- Evalueer die doeltreffendheid van die teks.
- Wat sou die teikenmark wees?
- Watter visuele elemente kom voor?
- Watter boodskap en/of doel kan jy vir die visuele elemente aflei?
- Watter kontraste en ooreenkomste kom voor?
- Watter afleiding (lees tussen die reëls) kan jy maak?
- Wat is die toon en atmosfeer?

Die **voorblad** van ’n boek is nie net ’n goeie oefening in visuele geletterdheid nie, maar dien ook as sleutel wat die verhaal ontsluit. Soms is daar ook visuele aspekte op ’n agterblad/flapteks wat verder help met die ontsluiting van die verhaal.

Bestudeer en bespreek die omslag van *Dit het alles begin met ’n hond*. Die volgende kolpunte kan help met die ontleding:

- Wat sien jy?
- Is daar mense/diere?
- Wat doen hulle? Waar is hulle?
- Kan jy enige afleidings oor hul liggaamstaal/gebare/gesigsuitdrukkings maak?
- Is daar enige kontras in kleur/uitbeelding?
- Let op die perspektief: groter versus kleiner.
- Let op die plasing/uitleg van elemente.
- Let op lettertipes en -groottes.
- Is daar ’n verband met die teks op die agterblad en die visuele elemente?

Dis belangrik om te weet dat hierdie tipe vrae gepaardgaan met: “Motiveer met leidrade uit die teks.”

Beantwoord die volgende vrae oor die voorblad.




1. Watter ruimte word uitgebeeld? Motiveer jou antwoord. (3)

2. Hoe weet jy dat ’n hond belangrik in die verhaal gaan wees? (2)

4. Hou sou jy die hond op die voorblad beskryf? Is dit byvoorbeeld ’n rasegte hond? (1)

6. Hoeveel hoofkarakters verwag jy gaan daar wees? (1)

7. Hoekom, dink jy, sien 'n mens net die silhoeëtte van die karakters? (2)

8. Wat is die mense besig om te doen? (1)

9. Wat sien jy bo in die lug? Beskryf volledig. (2)

10. Watter elemente, van dit wat bo die lug uitgebeeld is, stem ooreen? (2)

11. Hoekom, dink jy, is die voorblad oorwegend blou en dynserig asof daar baie wolke is? (2)

12. Hierdie verhaal gaan realiteit en fantasie kombineer. Is hier reeds tekens hiervan op die voorblad? Motiveer. (2)

13. Lees op oor die prys wat regs op die voorblad is. Watter jaar het hierdie boek gewen? (1)

14. Waarom, dink jy, is dit belangrik dat 'n pryswenner op die voorblad aangedui word? (3)

15. Dit is algemene gebruik vir uitgewers om pryswenners op die voorblad aan te dui. Beïnvloed dit enigsins jou gevoel oor die boek? (1)